# HOOFSTUK I.

## POLISIE EX OFFICIO EN NON OFFICIO.

### Die behoefte aan 'n polisiediens.

> „In one respect at least the Trekkers were an easy folk to rule; they were not given to the graver crimes." 1)

Met die aankoms van die Trekkers in Transvaal was 'n polisiediens uit die staanspoor egter uiters noodsaaklik. Dit was nie 'n noodsaaklikheid wat soseer gespruit het uit 'n ordelose blanke samelewing nie,[2] maar veral uit die teenwoordigheid van 'n oorweldigende aantal naturelle met 'n primitiewe opvatting van lewens- en eiendomsreg. Reeds voor hulle Transvaal binnegetrek het, het die Voortrekkers al dure ondervinding van die naturel se vyandige gesindheid opgedoen in die Kaapkolonie en Natal. Die hele organisasie van die Trek was trouens, beide vir beskerming en gerieflikheidsonthalwe, van 'n militêre aard.[3] Die geskiedenis van Transvaal sou ook na afloop van die Trek en veral voor die aanvang van die tagtiger jare, tot 'n groot mate bepaal word deur die stryd teen die barbaredom en die onderwerping van die naturelle aan die gesag van die blankebeskawing. Dit was 'n stryd van wisselende lotgevalle wat dikwels met georganiseerde militêre geweld gevoer is, maar selfs gedurende die relatief vreedsaamste tye het die beskerming van die individu se lewe en eiendom voortdurende waaksaamheid vereis.

Waar/....

---

1) Walker, E.A.: The Great Trek, Londen, 1934, bl. 134.

2) Sien Pelzer, A.N.: Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek, deel I, Wordingsjare, Kaapstad, 1950, bl. 111.

3) Sien Du Plessis, J.S.: Die Ontstaan en Ontwikkeling van die amp van Staatspresident in die Suid-Afrikaanse Republiek, (1858-1902) (Argief Jaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, 18e Jaargang, deel I, Elsiesrivier, 1955, bl. 2).

Waar die grootskaalse kommando-bedrywighede om die jong staat te beskerm gestaak is, het kleinerskaalse polisie-aktiwiteite, ingerig op die beskerming van die individu, die waak oorgeneem. Op hierdie wyse kan die oorsprong van die polisiediens onder die Trekkers tot by die uittrek uit die Ou Kolonie teruggevoer word.

Die aanstelling van voltydse polisie, te enige plek of tyd, was egter gedurende die vroeë jare in Transvaal, weens getrek aan opgeleide amptenare en die klein aantal nedersetters, buite die kwessie. Daar was onder die Trekkers eenvoudig nie die mannekrag, finansies of administratiewe ondervinding om al die poste aan 'n gevestigde Staat verbonde , in te stel en te vul nie.

Die klein en wydverspreide groepnedersettings, die yl bevolking en groot afstande met swak verbindings het ook die administrasie van 'n polisiediens bemoeilik en nie tot die veiligheid van die blanke immigrante bygedra nie. 'n Gesentraliseerde polisie-organisasie was, weens die swak uitgeruste Staatsadministrasie van die beginjare, nie moontlik nie en as gevolg van die landelike vorm van die nedersettings, nie prakties nie.

Aanvanklik het die eise wat deur die platteland aan die geregtelike administrasie gestel is, inderdaad nie 'n verandering in die polisiestelsel wat gedurende die Trek in swang was, genoodsaak nie, met die gevolg dat die veldkornet, as uitvoerende amptenaar, met die toesig oor die handhawing van wet en orde, 'n taak waarmee hy reeds tydens die Trek belas was, kon voortgaan.

Op /.....

Op die dorpe was dit anders gesteld. Na gelang meer nuwe intrekkelinge hulle in die Republiek gevestig het, het die aantal dorpe toegeneem en uitgebrei. Die gevolg van hierdie uitbreiding was dat die dorps-administrasie meer kompleks geword het, en dit was gou duidelik dat die landdroste en krygsoffisiere, wat gedurende die Trek met omvangryke uitvoerende pligte belas was, nie in al die behoeftes van 'n gevestigde dorpslewe sou kan voorsien nie. Spoedig moes meer ampte hier in die lewe geroep word om die plaaslike bestuurslaste te deel. Reeds gedurende die vyftiger-jare vind ons in die handjievol dorpe, skutmeesters, markmeesters, waterfiskale en balju's, terwyl die eerste voltydse dorpspolisie ook in hierdie tyd aangestel is om aan 'n behoefte, gebore uit 'n voorliefde vir orde-like en wetmatige samelewing, te voorsien.

Hierdie voorliefde tree te midde van die grond-wet-twiste in die vroeë tydperk van staatkundige „sturm und drang", telkens na vore in die pogings tot grondwetvorming en bied aan om 'n insig in die Republikeinse lewens- en wêreldbeskouing. Die kon-stituering van wet en orde en die daarmee gepaardgaande instellings van praktiese middele vir die handhawing daarvan,het die algemene rus van die staat beoog en was gerig teen die individuele oproermaker net soseer as teen die uitgestrekte barbaredom. Polisieinstruksies maak dan ook vroeg reeds 'n deel uit van die Voortrek-kerwetgewing.

Nog voor Piet Retief die Kaapkolonie verlaat het, het hy reeds in sy manifes dit aan die wêreld duidelik gestel dat dit die voorneme van die Trekkers was, om,

waar /.....

waar hulle hul ook al mag vestig, doelmatige wette daar te stel vir die handhawing van wet en orde.[4] Die „Drie-en-Dertig Artikels", wat in 1844 te Potchefstroom opgestel is, handel uitsluitlik oor die regspleging[5], terwyl die Ohrigstadse „Potgieter-Grondwet" van September 1846[6] duidelike polisiepligte voorskryf. Die Ohrigstadse Volksraad beoog verder die handhawing van wet en orde wanneer hulle bepaal dat die Raad mag het tot die

> „vervaardigen van wetten die de plaatselyke omstandigheden mogen vereischen."[7]

<u>Die Veldkornet as eerste polisie-amptenaar.</u>

By gebrek aan 'n gereelde polisiediens was dit die plig van elke burger van die staat om misdaad te bekamp en hoewel daar in hierdie opsig tot 'n groot mate op die welwillende steun van die publiek staatgemaak is, was aan baie staatsamptenare spesifieke polisiepligte opgedra wat aan hulle die status van konstabels ex officio verleen het.

Die belangrikste onder hulle was die veldkornet. Polisiediens was bykans vanselfsprekend een van die take

van/......

---

4) Vir 'n weergawe van die teks sien Preller, G.S.: Piet Retief, Kaapstad, 1920, bl. 78 e.v.

5) Vir volledige teks sien Eybers, G.W.: Select Constitutional Documents Illustrating South African History, 1795-1910, Londen 1918, bl. 355-356.

6) Soutter-versameling, pak I no.6: Notule van eene algemeene Publieke byeenkomst gehouden te Andries Ohrigstad op den 22 en 23 September 1846, art. 4 (Suid-Afrikaanse Argiefstukke, Transvaal, no. 1: Notule van die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek, 1844-1850, Kaapstad, 1949, Bylaag 16/1846, bl. 214 e.v.).

7) Notule van die Ohrigstadse Volksraad, ongedateerd, art.8 (Suid-Afrikaanse Argiefstukke, Transvaal no. I, bl. 11).

van hierdie veelsydige amptenaar. In vele opsigte was hy die aangewese persoon om as konstabel op te tree. Reeds voor en gedurende die Trek is aan die veldwagmeesters of veldkornette verskeie militêre en siviele take opgedra. As krygsman was hy aan die kommandant of kommandant-generaal onderhorig terwyl hy as siviele amptenaar sy instruksies van die landdros ontvang het. In sy hoedanigheid as geregsdienaar het die veldkornet na afloop van die Trek nog steeds onder beide hierdie hoofde geressorteer. Die dorpsveldkornet het naamlik sy instruksies van die landdros ontvang,[10] terwyl die distriksveldkornet, by gebrek aan voortdurende aanraking met die landdros, ook van die kommandant of direk van die kommandant-generaal polisie-opdragte ontvang het.[11]

Die dubbele rol van krygsoffisier en siviele amptenaar het aan die veldkornet 'n deeglike bekwaamheid verleen om 'n militêre-siviele utiliteitsamp te vul. Uit die aard van sy werk was hy 'n deeglike organiseerder en administrateur en vanweë sy voortdurende aanraking met die bevolking het hy 'n breë mensekennis opgedoen terwyl hy by uitstek 'n kenner was van die naturel. Voor die ontstaan van die Uitvoerende Raad in 1857 en ook daarna, was die veldkornet 'n uiters gesiene en belangrike amptenaar, belas met die beskerming van die inwoners van die jong staat. Hiervan kon Andries Pretorius in sy aanspraak te Derde Poort in 1849 getuig met die woorde:

„O /......

8) Vir die pligte en plek van die Veldkornet in die Suid-Afrikaanse Republiek sien Van Jaarsveld, F.A.: Die Veldkornet en sy aandeel in die opbou van die Suid-Afrikaanse Republiek tot 1870 (Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, 13de Jaargang, deel II, Elsiesrivier, 1850).

9) Ibid, Inleiding, bl. V.

10) Regulatie voor de dorpen in de Zuid-Afrikaansche Republiek, art. 35 (Staatscourant, 6 Augustus, 1858).

11) Daar is verskeie briewe aan M.W. Pretorius in sy hoedanigheid as kommandant en kommandant-generaal oor polisiesake op die platteland gerig, bv. R 896/55, Veldkornet Botha aan M.W. Pretorius, dd. 18 Aug. 1 55. Ook VR 6/45, Instruktie voor den Onder-Commandant G.J. Kruger, artt. 1 en 2 ongedateerd, Suid-Afrikaanse Argiefstukke, Transvaal, no. 1, bl. 167). Sien ook hieronder bl. 12.

> „O, gy, Veldcornetten, waak en de bed voor uwe wyken. Weet dat gy de eerste Magistraats persoonen syn op wiens hulp en beschermingen een eider wagtende syn, het sy gekleurde of niet. Wy vertrouwen dat gy niet sult toelaaten dat onder uwe kennis de minsten onreg sult gebeuren." 12)

In sy hoedanigheid as regsprekende amptenaar en polisiebeampte moes die veldkornet, soos uit Pretorius se verdere aanspraak blyk, onbevooroordeeld en regverdig wees.

Die veldkornet was trouens uit die staanspoor die enigste „regter" wat die naturel geken het, 'n posisie wat hy reeds tydens die Trek beklee het as ondergeskikte van die kommandant-generaal.[13)] Die hoofskap van die kommandant-generaal oor die naturelle in die Republiek het na afloop van die Trek behoue gebly[14)] en voor die aanstelling van naturelle-kommissarisse in 1876 het die veldkornette die taak aan so 'n amp verbonde verrig.[15)]

Hy moes toesien dat die naturelle nie gewere bekom of ander wapens dra nie[16)] en dat daar geen verrotting onder hulle plaasvind waardeur ook die rus onder die blankes versteur kon word nie.[17)]

Wat die regsverhouding tussen blank en nie-blank betref, het die veldkornette as uiters belangrike en feitlik enigste skakel tussen die twee rasse opgetree. Hulle moes

„in/.....

---

12) R 178/49, Aanspraak van ~~M.W.~~ Andries Pretorius te Derde Poort, 22 en 23 Mei 1849 (Voortrekker-Argiefstukke, 1829-1849, Pretoria, 1937, bl. 387).

13) Huyser, J.D.: Die Naturelle-Politiek in die Suid-Afrikaanse Republiek (D. Litt.-Proefskrif, ongepubliseerd, U.P., 1936, bl. 115).

14) Ibid, bl. 139.

15) Volksraadsbesluit, 17 September 1858, Instructie voor Veldcornetten, artt. 37-58 (Locale wetten der Zuid-Afrikaansche Republiek, 1849-1885, bl. 96).

16) Volksraadsbesluit, art. 115, 10 Junie 1864 (Staatscourant, 14 Junie 1864).

17) Van Jaarsveld: a.w., bl. 297.

> „in hunne respective wyken een wakend oog houden ... dat geene mishandeling door de Ingezetenen aan de by hem in dienst zynde Kaffers of ander volk gepleegd word." 18)

As sulks was die veldkornet die enigste persoon na wie die naturel kon gaan vir beskerming teen 'n gewetelose werkgewer. Aan die ander kant kon die naturel wat 'n onreg teenoor 'n blanke gepleeg het daarvan seker wees dat hy met die regverdige maar streng tugmaatreëls van die veldkornet te doen sou kry. Wanneer 'n naturel 'n oortreding begaan het, moes die boer, by gebrek aan polisie, die oortreder soms self aankeer en na die veldkornet neem - indien hy die reg nie in eie hande geneem het nie.[19] Die veldkornet het dan die saak ondersoek en indien dit nie van ernstige aard was nie, uitspraak gegee en nog die vonnis, gewoonlik 'n pak slae, self toegedien. Hierdie konstabel-magistraat-bevoegdhede van die veldkornet in naturellesake was 'n doeltreffende en tydbesparende stelsel wat veroorsaak het dat daar 'n respek en agting vir hom by die naturelle ontstaan het, 'n faktor wat veel daartoe bygedra het om die misdaadsyfer so laag moontlik te hou.[20] Die veldkornet het die „burgerlyk bestuur" oor die naturelle op die plase bly uitoefen lank nadat hy meeste van sy ander polisiepligte aan voltydse polisieamptenare op die dorpe[21] of aan naturelle-kommissarisse op die platteland[22] afgestaan het.

Hoewel /.....

---

18) Soutter-versameling, pak I, no. 6: Notulen van eene Algemeene Publieke Byeenkomst gehouden te Andries Ohrigstad, 22 en 23 September 1846, art. 31. (Suid-Afrikaanse, Argiefstukke, Transvaal, no.I, bl. 218).

19) Spoelstra, B.: Die regspleging in die Transvaal in die ou dae (Die Huisgenoot, September 1921).

20) Ibid.

21) Volksraadsbesluit, art. 399, 29 November 1871 (Locale Wetten der Zuid-Afrikaansche Republiek, 1849-1885, bl. 452).

22) Instructien voor Onder-Commissaris van Naturellen, art. 1, 9 September 1876 (Staatscourant, 13 Sept. 1876).

Hoewel die veldkornet in die uitoefening van sy pligte as polisiedienaar meestal met naturelle te doen gekry het, moes hy ook aanvanklik as vrederegter en konstabel onder die blankes optree, veral op die platteland waar die boere gedurende die tydperk voor die eerste anneksasie en selfs daarna, van geen ander polisiedienaar geweet het nie, want

> „In the country districts the field-cornet was the head of police." 23)

Die „Potgieter-Grondwet" van September 1846 maan die veldkornette om alle geskille in hulle wyke op vredeliewende en minsame wyse te skik.[24] Op 'n vergadering te Winburg in Augustus van die volgende jaar, is 'n aantal byvoegsels tot hierdie grondwet gemaak, waaronder 'n bepaling dat die veldkornet, wanneer hy op kommando uitgaan, sou

> „zorgan, zo veel mogelyk, voor de veiligheid van zyne agterblyvende onderhorigen." 25)

Verder is hy gemagtig om, indien 'n persoon nie aan 'n hofbevel gehoor gee nie, hy

> „zodanige strenge middelen tot zyne comparatie zal mogen inslaan als hy zal nodig oordelen." 26)

Later is meer duidelik bepaal dat die veldkornet

> „gehouden (zyn) naauwkeurig te letten op de rust en goede orde in de respectieve afdeelingen, zullen niet gedoogen dat dezelve door iemand der bewoners gestoord worde." 27)

Deur/......

---

23) De Kok, K.J.: Empires of the Veld, Durban, 1904, bl.
24) Notule van een algemeene Publiek byeenkomst gehouden te Andries Ohrigstad op den 22 en 23 September 1846, art. 4 (Suid-Afrikaanse Argiefstukke, Transvaal no. 1, bl. 214 e.v.).
25) Extract Resolutie genomen in eene Algemeene Byeenkomst, Winburg, art. 3, 6 Augustus 1847 (Suid-Afrikaanse Argiefstukke, Transvaal, no. 1, bl. 230).
26) Ibid., art. 7.
27) Instructie voor Veldcornetten, 17 September 1858, art.3 (Locale wetten der Zuid-Afrikaansche Republiek, 1849-1885, bl. 90).

Deur praktiese ondervinding het die Transvalers, ten spyte van hulle aanvanklike agterstand, gou geleer wat die noodsaaklike elemente vir die vlot verloop van staats-administrasie was. Een so'n vereiste was die duidelike besef van die pligte van elke amptenaar en die ewe duidelike omskrywing daarvan. Die Grondwet van 1858[28)] het tot 'n groot mate aan hierdie vereiste voldoen en gee onder meer 'n uiteensetting van wat onder handhawing van wet en orde , waarvoor die veldkornette en onder-veldkornette verantwoordelik was, verstaan word. Dit behels

> „de nakoming der wetten, die ten uitvoer legging der vonnissen na ontvangen order en de inachtnemen der maatregelen van algemeen en plaatselijk belang; voorts het opzicht over de kleurlingen en het tegen gaan van landlopery en vagebonden in de veldcornetschappen." 29)

Met maatreëls van plaaslike belang word heelwaarskynlik bedoel dorpsregulasies en ander reëlings deur landdroste en kommandante getref om aan plaaslike behoeftes te voorsien.

In die uitvoer van hierdie pligte het die veldkornet daagliks te doen gekry met dreigemente en aanrandings,[30)] met klagtes oor gedroste diensbodes of gesteelde vee wat hom genoodsaak het om gereelde patrollies in die distrik uit te neem. Voor die aanstelling van vrederegters in 1864 of polisie vir die beter handhawing van die wette, moes die dorps-veldkornet

vir /.....

---

28) Gepubliseer in Locale Wetten der Zuid-Afrikaansche Republiek, 1849-1885, bl. 35 e.v.)

29) Grondwet van de Zuid-Afrikaansche Republiek, 1858, art. 105a.

30) Van Jaarsveld: a.w., bl. 297.

vir rus en orde sorg deur alle „oproermakers, twisters, rustverstoorders, dieven, of andere misdadigers" te arresteer.[31]

Die Veldkornets-instruksies van 1858[32] gee vir die eerste keer 'n uiteensetting van die spesifieke polisiepligte van hierdie amptenaar en vorm 'n deel van die veldtog van hierdie tyd om die verouderde of ongekodifiëerde staatsinstellings te verbeter. Daar word in hierdie instruksies veral nadruk gelê op die prosedure wat gevolg moet word by voorlopige ondersoeke.

Artikel 11 bepaal dat wanneer 'n persoon

> „door eigen toedoen, geweld van anderen, of ongeluk niet natuurlyk kom te overlyden"

die lyk nie begrawe mag word aleer die wyksveldkornet „na behoorlyk (lyk-)schouwing" verlof daartoe gegee het nie.

Sodra die veldkornet by die toneel van 'n misdaad aankom, moes hy

> „tragt met de noodige voorzigtigheid de omstandigheden van de misdaad beter (te) leeren kennen." [33]

Hy was dus ook speurder en moes vasstel of daar iets in die omtrek te bespeur was wat hom met die opsporing van die misdadiger behulpsaam kon wees.[34] Die name van getuies moes vervolgens aangeteken word en bygestaan deur twee persone wat as assistente en getuies moes optree, het die veldkornet sy ondersoek voortgesit, 'n proses wat

soms/....

---

31) Ordonansie ter aanstelling van vrederegters, 12 September 1864 (Staatscourant, 29 November 1864).
32) Instructie voor Veldcornetten, 17 September 1858 (Locale Wetten der Zuid-Afrikaansche Republiek, 1849-1885, bl. 90 e.v.).
33) Ibid. art. 12.
34) Ibid. art. 14.

soms seker lank moes geneem het as dit nie was vir die steun van die publiek nie.[35] Volgens sy bevinding het die veldkornet dan 'n aanklag voor die landdros gemaak en indien die misdadiger nie op heterdaad betrap is nie is 'n lasbrief vir sy arrestasie uitgereik.[36] Na inhegtenisname moes die oortreder so spoedig moontlik na die drosdy geneem word om formeel die aanklag teen hom aan te hoor.[37]

Behalwe vir die lasbriewe wat deur landdroste uitgereik en deur die veldkornette of genoemde assistente uitgevoer is, kon lasbriewe ook deur die Staatsprokureur uitgereik word.[38] Vrederegters [39] en balju's [40] met „zyn onderhorigen", d.i. geregsbodes, wat in 1864 in elke distrik aangestel is, met die doel om met die uitoefening van polisiesake behulpsaam te wees, kon 'n misdadiger op heterdaad of op geloofwaardige inligting arresteer of laat arresteer.[41]

Hieruit blyk reeds dat die veldkornet nie die enigste persoon was wat polisiewerk verrig het nie en hoewel sy las die swaarste was, kon hy op die gereelde steun van die balju, vrederegter en geregsbode[42] staat-

---

35) Sien Pelzer, a.w. bl. 111.

36) Ordonnantie no. 5, 1864, art. 32. (Suid-Afrikaansche Argiefstukke, Transvaal, no. 5: Notule van die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek, 1864-1866, bl. 250).

37) Instructie voor Veldcornette 17 September 1858, art. 18.

38) Ordonnantie ter aanstelling van Vrederegters in die Zuid-Afrikaansche Republiek, 12 September 1864, art. 2 (Staatscourant, 29 November 1864).

39) Ibid.

40) Wet no. 1, 1874, art. 55 (Locale wetten der Zuid-Afrikaansche Republiek, 1849-1885, bl.555).

41) Wet no. 14, 1870, Aanhef (Locale Wetten der Zuid-Afrikaansche Republiek, 1849-1885, bl. 412)

42) Ordonnantie ter aanstelling van Vrederegters in de Zuid-Afrikaansche Republiek, 12 September 1864, art. 45 (Staatscourant, 29 November 1864).

maak, terwyl die staatsprokureur en sy plaaslike verteenwoordigers, die distriksprokureurs of publieke aanklaers, waarskynlik nie 'n aktiewe bydrae gelewer het nie. Die plattelandse veldkornet het ook steun van die krygsmag, aan wie die handhawing van binnelandse rus en orde deur die Grondwet van 1858 toevertrou is,[43] ontvang in die vorm van patrollies wat tot sy beskiking gestel is. Ook die kommandante is gelas om die landdroste soveel moontlik behulpsaam te wees in die uitoefening van hulle siviele administratiewe pligte[44] terwyl onder-kommandante moes sorg vir die handhawing van die openbare rus en veiligheid.[45] Die kommandant-generaal was verantwoordelik vir die onderdrukking van binnelandse oproer onder die blankes[46] en die kommandante moes toesig hou oor die goeie orde onder die naturelle.[47]

Indien omstandighede dit vereis het, is aan die krygsoffisiere soms buitengewone polisiemagte toegesê. So is H.C. Vermaas in sy hoedanigheid as onder-kommandant van Potchefstroom in Desember 1852 aangesê om tydens die afwesigheid van Andries Pretorius

> „de cantoor en wette te beschermen" en „zoo het niet anders kome kan geweld met geweld tegen te gaan."

Hy/....

---

43) Grondwet van die Zuid-Afrikaansche Republiek, 1858, art. 14.
44) Krynauw, D.W.: Die Transvaalse Grondwet van 1857 en Schoeman se verset daarteen (M.A.-verhandeling, ongepubliseerd, U.S., 1944, bl. 64).
45) R6/45, J.J. Burger aan G.J. Kruger, Ohrigstad, ongedateerd (Suid-Afrikaanse Argiefstukke, Transvaal, no.1, bl. 167).
46) Grondwet van die Zuid-Afrikaansche Republiek, 1858, art. 10.
47) Ibid.

Hy moes die landdros en veldkornette in die uitoefening van hulle pligte behulpsaam wees en

> „ volstrekt het uit oefening van wette handhaven.' 48)

Dit was 'n tydperk van spanning in Potchefstroom toe 'n sterk polisie-optrede 'n vereiste was om oproer te voorkom.

Die dorpsveldkornet het ook 'n meer gereelde steun in die uitoefening van sy polisiepligte van die wykmeesters ontvang wat sedert 1857 hulle bydrae tot die vlot verloop van die dorpsadministrasie gelewer het. Namate die belangrikheid van die dorpe as kerklike, administratiewe en handelssentra toegeneem het en gepaard daarmee die verkeer vanaf die platteland al swaarder geword het, het daar soms ernstige verkeersontwrigtings op die strate ontstaan. Dit was veral die geval gedurende die reentseisoen toe strate haas onbegaanbaar was.[49] Om hierdie probleem op te los is die Republiek se eerste „verkeerskonstabels", naamlik die wykmeesters, aangestel, Hulle sou

> „nauwkeurig moeten acht geven, dat geene hindernissen of belemeringe van welke geringen aard ook, in de straten voorvallen." 50)

Verder moes hy toesien dat die strate nie deur bouery geblokkeer word nie en alle oortreders van die „Stads-Regulatien"' by die landdros aankla.[51] Die aanstelling/.....

---

48) R 478/52, A. Pretorius aan H.W.C. Vermaas, d.d. Potchefstroom, 24 Desember 1851.

49) Tromp, T.M.: Herinneringen uit Zuid-Africa, Leiden, 1879, bl. 11.

50) Stads Regulatien voor Potchefstroom, art. 1 (Staatscourant, 6 November 1857).

51) Ibid, slot.

ling van wykmeesters was blykbaar 'n sukses want in 1866 word hulle nog aangetref ten spyte van die feit dat daar, weens die drukkende geldtekort, geen salaris aan die pos verbonde was nie.

Die algemene publiek as polisie.

Die laaste en onontbeerlikste groep nie-amptelike polisie was die gewone burgers van die Republiek. Die staat in wording sou by gebrek aan 'n gereelde en gesentraliseerde polisiediens glad nie kon hoop om sonder die goedgunstige steun van sy bewoners wet en orde in 'n uitgestrekte gebied met 'n klein aantal blanke bewoners en 'n handjievol amptenare, te handhaaf nie. Sekerlik sou daar geen sprake van wees dat die blanke se wette en ordeskepping op die naturel sonder hulle hulp oorgedra kon word nie. Diegene wat tot misdaad geneigd was, hetsy hy blank of gekleurd was, moes gedwing word om die wet te gehoorsaam; ook in die verafgeleë dele waar 'n staatsamptenaar selde 'n besoek kon bring en waar die opsporing van die misdadiger die grootste probleme geskep het. Prof. Pelzer stel dit raak wanneer hy sê:

> „omdat gevangenisneming weens die ruigtes en afgeleë bosveldligging, moeilik en in die meeste gevalle blote toeval sou wees, was dit ondoenlik om besondere persone uitsluitlik met die taak van opsporing te belas. Vandaar dat die hulp van die gemeenskap langs 'n breë indirekte weg ingeroep is." 52)

Op hierdie wyse is die hulp van die publiek ingeroep om oortreders van sekere regulasies, wat

veral/......

52) Pelzer: a.w., bl. 111.

veral op die platteland van toepassing was aan die gereg oor te lewer. Wat oortreders van jagregulasies byvoorbeeld betref, is bepaal dat

> „Een ieder die zodanig jager aprehenderende en aan de autoriteiten overleverende, zal genieten een beloning van Rd. Twe(e) honderd en fyftig." 53)

In 1850 is die hulp van die publiek op soortgelyke wyse ingeroep om te voorkom dat vreemdelinge onwettig grond koop.[54] Die publiek, veral boere, het dikwels uit hulle eie misdadigers wat op heterdaad betrap, of van 'n misdaad verdag was, na die landdros of veldkornet geneem.[55]

Waar die vrywillige of verpligte dienste van die gemeenskap op die platteland betreklik gereeld aangewend is, is „Speciale Constabels" op die dorpe slegs in noodgevalle soos moord, huisbraak of grootskaalse ontvlugting van gevangenes opgeroep, wanneer die gereelde polisiedienaars nie uit hulle eie die toestand die hoof kon bied nie.

Na 'n inbraak in die Uitvoerende Raadskantore te Potchefstroom in 1859 byvoorbeeld, is 'n kommissie deur die Raad aangestel om

> „voorlopig pogingen in het werk te stellen door huiszoekens enz. om de dader of daders in hande te krygen." 56)

Daarbenewens is ook die speurvernuf van die algemene publiek ingeroep en 'n beloning van £50 uitgeskryf.

Naas/.......

---

53) Publieke bekendmaking, Januarie 1846 ( R112a/46; Voortrekker-argiefstukke, bl. 219). Sien ook Pelzer, a.w., bl. 111.
54) Pelzer, a.w., bl. 111.
55) Sien hierbo bl. 7. Boere is egter verbied om die wet in eie hande te neem of om 'n persoon bloot op agterdog te arresteer sonder 'n vooraf verkreë lasbrief. (L.17: Dagjoernaal van die Landdros van Lydenburg, 10 Desember 1851, bl. 5-6).
56) Uitvoerende Raadsbesluit, art. 8, 19 Mei 1859. Sien ook Pelzer, a.w., bl. 112.

Naas vrywillige of gratis hulp, moes die publiek ook verpligte polisiediens verrig. Voor die aanstelling van voltydse polisie was dit die reël dat burgers die veldkornet behulpsaam sou wees met die verrigting van polisiediens. Maar ook lank nadat 'n gereelde polisiemag op die dorpe in diens was, was dit nie buitengewoon dat dienspligtige burgers aangesê is om die gereg by te staan nie. Dit is die dienste van gewone burgers wat bedoel word wanneer amptenare opgedra was om 'n misdadiger te arresteer „of te doen arresteren."

Veral die bekamping van oortredings van 'n ernstige algemene aard het die verpligte hulp van die publiek deur wetgewing genoodsaak. So byvoorbeeld het die grootskaalse rondlopery en leeglêery van naturelle op die platteland en in die dorpe die veldkornet se taak aansienlik bemoeilik.[57] Gevolglik het die Volksraad besluit dat

> „Ieder Burger is verpligt vagabonderij en landloperij tegen te gaan door het opvangen van zoodanige kleurlingen en aan den naastbijwonende Veldcornet overleveren." 58)

Hierdie is 'n voorbeeld waar nalatigheid van die publiek om polisiediens te lewer strafbaar was.

In tye van plaaslike onrus is die burgers ook dikwels as polisie gebruik. Behalwe in die geval reeds genoem [59] het die setelplaas van die Republiek ook ander tye van oproer beleef wat die bewaring van die goeie /.....

---

57) Sien hierbo bl. 9, voetnoot 29.

58) Wet no. 3, 1876, Art.8 (Locale wetten der Zuid-Afrikaansche Republiek, 1849-1885, bl. 664).

59) Sien hierbo bl. 12.

goeie orde deur spesiale polisie genoodsaak het. Met die naderende burgeronluste van 1860, het die dorpsveldkornet opdrag ontvang om elke nag tien, stil en agtingswaardige burgers op te kommandeer om van sononder tot sonop, die dorp te patrolleer en alle rusverstoorders te arresteer.[60] 'n Soortgelyke voorbeeld word tydens die kafferonluste van 1865 gevind toe die Landdros van Pretoria deur die Uitvoerende Raad aangesê is om burgers as dorpswagte aan te wys.[61]

Ook by Volksraadsittings, waar dit soms heftig toegegaan het, was die gevaar van onluste nie altyd uitgesluit nie, sodat in Mei 1850 besluit is

> „dat de kommandanten en Veldcornetten verplicht zullen zyn, en gelast worden om te zorgen dat er op elke zitting een genoegzaam getal gewapende manschappen tegenwoordig is om de Rust en Orde te bewaren." 62)

Nog in 1857 word die landdros opgedra om vyf man te voorsien om by die Raadsaal wag te staan

> „ten einde voor ernst en stilte te waken." 63)

Verder was dit normale prosedure dat 'n aantal burgers by die Hof van Landdros en Heemrade diens doen[64] voordat hierdie plig gedurende die sestigerjare deur die gereelde polisie oorgeneem is.

Ook/.......

---

60) Pelzer, a.w. bl. 112.

61) Uitvoerende Raadsbesluit, art. 3, 21 Julie 1865.

62) Volksraadsbesluit, Art. 55, 20 Mei 1850. Sien ook Pelzer, a.w., bl. 112.

63) R 1674/57; no. 14, J.H. Reedeling aan J.D.E. Grimbeek, dd. Potchefstroom, 8 September 1857.

64) Landdros van Pretoria aan Veldkornet Minnaar, dd. Pretoria, 25 Februarie 1859 (Pretoria 30: Briewekopieboek).

Ook was dit die burgers se onaangename en ongewilde plig om, by gebrek aan sipiers, gevangenes te bewaak. Gedurende die tyd en op die plekke waar daar nie vir 'n tronk voorsiening gemaak is nie of wanneer die tronk reeds vol was, moes gevangenes deur 'n burgerwag, vir die doel opgeroep, bewaak word.[65] Nogtans het die bewaking van 'n misdadiger wat tot gevangenisstraf veroordeel is, onder hierdie omstandighede, baie hoofbrekens veroorsaak. Die probleem is soms opgelos deur die oortreder in 'n blok in die landdroskantoor te plaas, 'n reëling wat aan beide die gevangene en landdros die uiterste ongerief veroorsaak het.[66] Menige landdros het dan ook nie van die stelsel gehou nie[67] wat beteken het dat hy die veroordeelde soms in sy eie huis moes opsluit,[68] veral wanneer die veldkornet se huis reeds vir 'n soortgelyke diens in gebruik was, iets wat nie ongereeld gebeur het nie.[69] Gevolglik is

die /......

---

65) De Kok, a.w., bl. 32.

66) R 746/63: Landdros van Pretoria aan Uitvoerende Raad, dd. Pretoria, 2 Oktober 1863.

67) Ibid.

68) Van der Walt, J.H.: Potchefstroom se ou geboue (Die Huisgenoot, 14 Desember 1923).

69) Bv. Uitvoerende Raadsbesluit, art. 6e, 7 Junie 1867.

die steun van die publiek ook in hierdie verband ingeroep.[70] Dat so 'n toedrag van sake die huisvrou nie aangestaan het nie, is lig te begryp en landdros Bührmann van Lydenburg moes kla dat

> „Daar niemand den gevangenen wilden opnemen was ik genoodzaakt hem zelven op te passen buiten mijn huis in het blok te sluiten." 71)

Ook naturelle is, behalwe lyfstraf, strawwe van harde arbeid opgelê. Die probleem van bewaring is in hulle geval opgelos deur van hulle aan dorps-

of/.....

---

70) R 154/65: Landdros van Lydenburg aan Uitvoerende Raad, dd. 7 Februarie 1865. Verpligte polisiediens deur die algemene publiek het egter nie sonder beloning geskied nie en enkele voorbeelde van uitbetalings aan burgers vir die bewaking van gevangenes is die volgende: „Voor oppassen van twee gevangenen Casterop en Herschensohn, 6/- p.d. - £19.10 en 5/- p.d. - £3.10." (Uitvoerende Raadsbesluit, art. 147, 9 Januarie 1872) en „Voor wacht houden by de gevangenis 9 nachten 10/- elk" (R 458/72: D.T. Larcey aan Uitvoerende Raad, d.d. Pretoria, 14 Maart 1872).

71) L.17: Dagjoernaal, Landdros van Lydenburg, 10 Desember 1851, bl. 5-6, Streep myne. 'n Verdere voorbeeld van hoe gevangenisstraf uitgedien is en wat nie sonder humor is nie, is in die volgende brief opgeteken wat handel oor straf deur Landdros H. St. Lombard van Potchefstroom aan A. van der Colf weens perdediefstal opgelê. „Op den 6 Aug. wierd A. v.d. Colf na den landros Lombart gebragt door H. Vermaas en Delport, beschuldig met diefstal van paarden gepleegd in het distrik Winburg van twee publieke verraders. Wat wierd er gedaan door Lombart? A. van der Colf wierd in het gevangenhuis geplaats tot op den 5 dag van September. Hoe wierd A van der Colf daar behandeld? Zoodat A. van der Colf 24 uren over een boeg op het blok moes leggen sonder beddegoed en zonder water of voedsel. Wat was het gevolg? Zoodat A. van der Colf styft uit het blok gehaalt wierd en het zyn gezondheid voor altoos verloren. Wat wierd er verder gedaan door Lombart? A. van der Colf wierd voor vyf jaren gevonnis door Lombart die daar zat als Juts om A. van der Colf te vonnis." (R 182/49: Brief van een waren en waarachtige Emigrant aan den Heer A.W.J. Pretorius Prezident Generaal, d.d. 17 September 1849: Suid-Afrikaanse Argiefstukke, Transvaal no. I, bl.180). Die „waarachtige Emigrant" was egter verniet besorg oor A. van der Colf se gesondheid en toekoms want die vonnis deur Lombard opgelê is deur die Volksraad versag (Volksraadsbesluit, art.27, Krugerspost, 19 September 1849: Suid-Afrikaanse Argiefstukke, Transvaal, no.I, bl.182) en geen jaar later was A. van der Colf weer druk besig om perde te steel.

of plaasbewoners uit te huur nadat voorsorg teen ontsnapping gemaak is deur hulle „in yzers te laten slaan."[72] Huurgeld op hierdie wyse verkry is in die openbare kas gestort[73] ter delging van plaaslike uitgawes.[74]

Teen die einde van die vyftigerjare en begin sestigerjare en weer aan die begin van die sewentigerjare sou daar 'n groot aanvraag na groot en sterk tronke by die landdroste ontstaan.

In die reël het die burgers nie beswaar gemaak om met die opsporing en inhegtenisname van misdadigers wat vir die gemeenskap as geheel 'n bedreiging ingehou het, behulpsaam te wees nie. Hulle het terdeë besef dat dit 'n baie ongewenste toedrag van sake sou afgee indien misdaad die oorhand sou kry deurdat 'n minagting vir die vermoë van die Staat om orde te handhaaf ontstaan. Die bewaking van 'n gevangene nadat hy aangekeer is, was egter nie 'n aangename tydverdryf nie en om wagte hiervoor te verkry was dit soms nodig dat die landdros en veldkornet die burgers op ernstige wyse aan hulle pligte teenoor die maatskappy herinner.[75]

Omdat die werk so ongewild was moes die landdroste tevrede wees om buitensporige fooie te belowe wat die Regering genoodsaak was om te betaal. Hieroor het

die /.....

---

72) R 567/53: Landdros van Rustenburg aan Staatsekretaris, d.d. 10 Oktober 1853.

73) Ibid.

74) R 3997/60: Waarnemende President J.H. Grobler se begrotingsrede vir 1861, d.d. 10 September 1860.

75) Uitvoerende Raadsbesluit, art. 42, 7 Maart 1873.

die Ouditeur-Generaal, wat 'n moeilike taak gehad het om die Staat enigsins solvent te hou, dikwels gekla.[76]

Ook die Uitvoerende Raad het gevoel dat die tariewe te hoog was en in 1872 is besluit dat rekenings wat van Utrecht, Marico en Wakkerstroom in hierdie verband ingekom het, nie billik was nie en besnoei moes word. Vir die toekoms is 'n vaste beleid neergelê dat blanke bewaarders 2/- per dag sou ontvang en nie-blankes 1/-.[77] Meer as eenmaal het burgers botweg geweier om hulle hulp te verleen met die bewaking van gevangenes sodat die Landdros van Rustenburg moes kla dat 'n naturel, van moord beskuldig, ontsnap het

> „terwyl ik geene asienstensie om de tronk te beschermen krygen konde. (D)aar ik menschen opgeroepe hep en geen gekregen hep." [78]

'n Ander burgerplig waarna niemand uitgesien het nie was die vervoer van gevangenes van een distrik na 'n ander. Wanneer dit nie bekend was waar 'n misdadiger hom skuil hou nie, is 'n algemene lasbrief deur die Staatsprokureur uitgereik en in die Staatskoerant gepubliseer.[79] 'n Persoon wat kragtens so'n lasbrief gearresteer is, moes vir verhoor na die betrokke landdros, in wie se jurisdiksie die misdaad

gepleeg/....

---

76) Bv. R 1469/71: Ouditeur-Generaal aan Staatsekretaris, d.d. Pretoria, 19 Desember 1871.

77) Uitvoerende Raadsbesluit, art. 16, 11 Februarie 1873.

78) R 888/55: Landdros van Rustenburg aan M.W. Pretorius, d.d. 11 Augustus 1855.

79) Sien Bylaag 1.

gepleeg is, geneem word. Die wyse waarop die vervoer plaasgevind het, was uiters omslagtig. Die gevangene is naamlik van die een veldkornetswyk na die volgende oorgedra.[80] totdat die betrokke landdros bereik is. Weens drukke werksaamhede het die veldkornette self gewoonlik nie die gevangene vervoer nie maar twee dienspligtige burgers van sy wyk vir die doel opgeroep. 'n Bevelskrif, waarvan hier 'n voorbeeld volg, is van die een skof aan die volgende oorgedra.

> „Hiermede wort u gelast om deze Presenier te ontvangen uit handen van die twee Perzoonen, die hem by (u) bring en hem dadelyk over te transporteeren naar de veldcornet van Potchefstroom den Heer D. Derblans, en de Heer V.C. Derblans vir pligt zult zyn voornaamd Presenier dadelyk By u te ontvangen en over te transporten naar Mooy Riviersdorp By de Lands. Steyn.' 81)

Dit was 'n langsame en duur proses, want al die burgerlikes moes vergoed word.

. . . . . . . . . .

Hierdie aanvanklike polisiediens in die Suid-Afrikaanse Republiek, waaraan bykans elke bewoner van die Staat 'n aandeel gehad het, was 'n geslaagde instelling wat aan sy doel beantwoord het, veral as ons dink aan

(a) die omstandighede waaronder dit in die lewe geroep is, naamlik om veral die hoof aan die barbaredom te bied;

(b) /....

81) R 215/62: Landdros van Rustenburg aan Veldkornet Van Rensburg, d.d. 25 April 1862. 'n Soortgelyke geval is te vinde in Uitvoerende raadsbesluit, art. 178, 12 Januarie 1872.

(b) die omgewing waarin dit moes fungeer, naamlik 'n uitgestrekte en ylbewoonde platteland, of groeiende dorpe met min administratiewe geriewe, en

(c) die behoefte waarin dit moes voorsien, naamlik die handhawing van wet en orde in 'n nuwe en nog worstelende staat.

Na gelang die Staat sy voete begin vind het, het hierdie pligte al meer die werk van gereelde polisie geword, maar dit sou, veral op die platteland, nog baie jare duur voordat dit nie meer nodig sou wees vir die veldkornet om 'n groep burgers op te roep vir die opsporing van 'n misdadiger nie.